



syngenta

Reg. Nr. L6353 Wet Nr. 36 van 1947 N-AR 1434 (Namibië) W130349 (Botswana)

'n Vloeibare konsentraat saadbehandeling swamdoder met kontak- en sistemiese eienskappe vir die beheer van saadverrotting en saailingverwelksiekte in gewasse soos aangedui.

GROEP	12	SAAD BEHANDELING
	4	

Aktiewe Bestanddele:

Fludioksonil (fenielpirrool)..... 25 g/l
Mefenoxam (fenielamiede)..... 10 g/l



WAARSKUWING

Gevaarstellings: Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak. Giftig vir waterlewe met langdurige effekte.
Voorsorgaanbevelings: Hou buite bereik van kinders. Lees etiket voor gebruik. **Voorkoming:** Vermo asemhaling van stof/rook/gas/mis/damp(e)/sproei. Dra beskermende handskoene. Vermo vrylating na die omgewing. **Reaksie:** Indien velirritasie of uitslag voorkom, kry mediese advies/aandag. Trek besmette klere uit en was dit voor hergebruik. Versamel gemorste produk. **Berging:** Stoor toegesluit. **Verwydering:** Gooi inhoud/houer weg na 'n goedgekeurde herwinningaanleg.

NOOD TEL NR.:
+27 82 446 8946 (Griffon)

**UN NIE
GEKLASSIFISEERD**

Registrasiehouer
Syngenta SA (Edms.) bpk.
Mpy. Reg. Nr. 1998/013761/07
Privaatsak X 60
HALFWAY HOUSE, 1685
Tel.: +27 11 541 4000

Product names marked ® or ™, the ALLIANCE FRAME the SYNGENTA Logo and the PURPOSE ICON are Trademarks of a Syngenta Group Company

1. WAARSKUWINGS:

Gevaarstellings: Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak. Giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

Onthoudingsperiode: Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes. Die volgende verwys na behandelde saad vanaf plant tot weiding of oes.

DROËBONE	56 dae
KANOLA	50 dae
MIELIES	35 dae
SONNEBLUM	127 dae
SORGHUM	35 dae
SOJABONE	175 dae
SUIKERMIELIES	35 dae

- Skadelik indien ingesluk word.
- Giftig vir vis en ander waterorganismes.
- Berg in 'n koel, droë plek.
- Berg weg van voedsel en voer.
- Voorkom berging bo 35°C.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Behandelde saad moet nie as voedsel vir mens of dier gebruik word nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

2. VOORSORGMAATREËLS:

Voorsorgaanbevelings: Hou buite bereik van kinders. Lees etiket voor gebruik. **Voorkoming:** Vermo asemhaling van stof/rook/gas/mis/damp(e)/sproei. Dra beskermende handskoene. Vermo vrylating na die omgewing. **Reaksie:** Indien velirritasie of uitslag voorkom, kry mediese advies/aandag. Trek besmette klere uit en was dit voor hergebruik. Versamel gemorste produk. **Berging:** Stoor toegesluit. **Wegdoening:** Gooi inhoud/houer weg na 'n goedgekeurde herwinningaanleg.

- Vermo kontak met die vel, oë of klere.
- Was besmette klere na gebruik.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat die hande en gesig gewas word nie.
- 'n Hoed of pet, gesigskerm, handskoene, oorpak en stewels moet gedra word tydens hantering van die konsentraat, behandeling van die saad en die hantering van behandelde saad.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Uitspoelwater moet nie gewasse, weiveld, riviere, damme en boorgate besoedel nie.
- Voorkom kontaminasie van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Vernietig leë houer op die voorgeskrewe wyse en moet dit vir geen ander doel gebruik nie.
- Wanneer behandelde saad in sakke gestoor word, merk sakke duidelik en moet vir geen ander doel gebruik nie.

3. RELEVANTE STOWWE:

Chemiese naam	
1,2-bensisotiasool-3(2H)-een	
Klassifikasie	Konsentrasie (% w/w)
Acute Tox. 4; H302 Skin Irrit. 2; H315 Eye Dam. 1; H318 Skin Sens. 1; H317 Aquatic Acute 1; H400 Aquatic Chronic 2; H411	≥ 0,05 - < 0,1
M-Factor (Acute aquatic toxicity): 1	

4. WEERSTANDBESTUUR:

CELEST XL is 'n groepkode 12 en 4 swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **CELEST XL**, of enige ander groepkode 12 en 4 swamdoder het.

Indien hierdie swamdoders in herhaaldelike en eksklusiewe programme aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **CELEST XL** of enige ander groepkode 12 en 4 swamdoder, beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermy die herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van swamdoders in dieselfde swamdoder groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes.
- Verwys na toepaslike individuele produktetikette wanneer swamdoders afgewissel word, of wanneer tenkmengels gebruik word met produkte in swamdoder groepkodes 7, 27, 28, 29, 30 of M.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoderprogramme.
- Ontwikkeling van weerstand teen swamdoders by saad- en grondgedraagde patogene is al gedokumenteer.

Raadpleeg u landbou adviseur of Syngenta verteenwoordiger onmiddellik indien bestandheid vermoed word, asook vir riglyne en strategieë vir siektebeheer.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak die registrasiehouer van hierdie produk (Syngenta Suid-Afrika) of besoek die FRAC webwerf by <http://www.frac.info/frac/index.html>.

5. PRODUKEIENSKAPPE:

CELEST XL bevat fludioksonil, 'n breë-spektrum kontak swamdoder met residuele aktiwiteit. Fludioksonil het beperkte opname deur die saad en baie min translokasie vind plaas binne die saailing. **CELEST XL** bevat ook mefenoxam, 'n sistemiese swamdoder, met voorkomende- en genesende eienskappe. Mefenoxam word sistemies getranslokeer na alle dele van die saailing gedurende ontkieming. Wanneer **CELEST XL** toegedien word soos aanbeveel, beheer dit saad- en grondgedraagde siektes in verskeie gewasse.

6. GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui

6.1 Verenigbaarheid

CELEST XL is nie verenigbaar met oplosmiddelbevattende formulasies nie. **CELEST XL** is verenigbaar met filmbedekking produkte en met FS/WS formulasies van ander saadbehandelingsprodukte met neutrale reaksie.

6.2 Toedieningsinligting

6.2.1 Meganiese saadbehandelingsapparaat

- **CELEST XL** kan toegedien word met enige konstante

vloei saadtoediener indien die formulasie toegedien word op die saad deur middel van 'n roterende skyf wat in 'n vloeibare mis kompartement gemonteer is.

- Roterende dromme en vloeibare sisteme vir filmbedekking van saad word ook aanbeveel.
- Dit is noodsaaklik dat enige konstante vloei saadtoedieningsapparaat met **CELEST XL** korrek gekalibreer moet word, aangesien spesifikasies kan verskil van ander saadbehandelings.

6.2.2 Voorbereiding van flodder

Wanneer die produk met water verdun word, moet die volgende prosedures gevolg word met die voorbereiding van die flodder:

- Vul die mengtenk met die korrekte hoeveelheid water.
- Skud die produkhouer voor gebruik.
- Voeg die korrekte hoeveelheid **CELEST XL** by, terwyl voortdurend geroer word.
- Konstante roering van flodder moet toegepas word tydens toediening.
- Die flodder moet binne 24 uur na voorbereiding gebruik word.

6.2.3 Behandlingsprosedure

- Die flodder voorbereiding sal afhang van die tipe saadbehandelingstoerusting wat gebruik word.
- Gebruik die hoër flodder dosis vir kleiner sade.

Nota

- Maak toedieningsapparaat met water skoon na gebruik.
- **CELEST XL** mag die vloei van saad in 'n planter of toedieningsstelsel vertraag. Herkalibreer die apparaat met behandelde saad voor gebruik.

7. AANBEVELINGS:

BLAARGROENTES, GRONDBONE, KATOEN, SPINASIE, TUIN BEET, GRASSE VIR WEIDING EN GEELWORTELS

Siekte	Dosis
Geringe tot matige infestasië van Pythium saailingverwelk	100 - 200 ml CELEST XL saam met 14 - 16 ml APRON XL/100 kg saad.
Hoë-druk infestasië van Pythium saailingverwelk	100 - 200 ml CELEST XL saam met 33 - 35 ml APRON XL/100 kg saad.

DROËBONE

Siekte	Dosis
Saadverrotting en saailingverwelksiekte (<i>Fusarium</i> spp.) (<i>Pythium</i> spp.)	125 ml CELEST XL /100 kg saad.
Saadverrotting en saailingverwelksiekte (<i>Fusarium</i> spp.) (<i>Pythium</i> spp.)	125 ml CELEST XL saam met 11 ml APRON XL/100 kg saad.

GRAAN GEWASSE

(Bokwiet, hawer, korog en rog)

Siekte	Dosis
Saailingverwelk (<i>Fusarium</i> spp.) (<i>Rhizoctonia</i> spp.) (<i>Pythium</i> spp.)	100 - 200 ml CELEST XL / 100 kg saad.
Saadverrotting (<i>Aspergillus</i> spp.)	

GRAAN GEWASSE

(Kanariesaad)

Siekte	Dosis
Geringe tot matige infestasië van Pythium damping-off	100 - 200 ml CELEST XL saam met 5 - 16.5 ml APRON XL/100 kg saad.
Hoë-druk infestasië van Pythium damping-off	100 - 200 ml CELEST XL saam met 33 - 35 ml APRON XL/100 kg saad.

KANOLA

Siekte	Dosis
Saadverrotting en saailingverwelk (<i>Pythium</i> spp.) (<i>Rhizoctonia solani</i>)	200 - 400 ml CELEST XL / 100 kg saad.
Saailingswartstam [onderdrukking]	400 ml CELEST XL /100 kg saad.
Opmerkings <ul style="list-style-type: none">Dien toe verdun met water om die saad skoon te maak voor saai.Indien behandelde saad onder droë, koel, geventileerde toestande gestoor word kan dit opgeberg word vir ongeveer 24 maande na behandeling.MOENIE gebruik vir voeropberging of weiding binne ses (6) weke nadat behandelde saad geplant is nie.	

MIELIES

Siekte	Dosis
Saadverrottings en saailingverwelksiekte (<i>Fusarium</i> spp.) (<i>Pythium</i> spp.)	100 ml CELEST XL /100 kg saad.
Opmerkings <ul style="list-style-type: none">Dien toe verdun met water om die saad skoon te maak voor dat gesaai word.Goeie vermenging is nodig om totale bedekking van saad te verseker.Laat saad toe om droog te word voor verpakking.MOENIE gebruik vir voeropberging of weiding binne vier (4) weke nadat behandelde saad geplant is nie.	

PEULGEWASSE (Groentes)

(Swartbekboontjies, veldbone, veldertjies, nierbone, snybone, ertjies, lensies en lupine)

Siekte	Dosis
Lae tot hoë-druk	100 - 200 ml CELEST XL

PEULGEWASSE

Siekte	Dosis
infestasië van Pythium damping-off	saam met 2.5 - 35.5 ml APRON XL/100 kg saad.
Vroeë seisoen Phytophthora beskerming	100 - 200 ml CELEST XL saam met 33 - 35.5 ml APRON XL/100 kg saad.
Sistemiese donsige meeldou beskerming in ertjies	100 - 200 ml CELEST XL saam met 70 - 73 ml APRON XL/100 kg saad.

PEULGEWASSE

(Alleenlik vir voer of weiding: Bone, ertjies, klawer en lusern)

Siekte	Dosis
Pythium saailingverwelk en vroeë-seisoen Phytophthora beskerming	100 - 200 ml CELEST XL saam met 4.5 - 7 ml APRON XL/100 kg saad.
Onderdrukking van vroeë-seisoen donsige meeldou in lusern en sojabone	100 - 200 ml CELEST XL saam met 33 - 35.5 ml APRON XL/100 kg saad.

SONNEBLOM

Siekte	Dosis
Saadverrotting en saailingverwelk (<i>Pythium</i> spp.) (<i>Fusarium</i> spp.)	125 ml CELEST XL /100 kg saad.
Donsige meeldou (<i>Plasmopara halstedii</i>)	125 ml CELEST XL saam met 282 ml APRON XL/100 kg saad.

SOJABONE

(Insluitend weiding)

Siekte	Dosis
Saadverrotting en saailingverwelk (<i>Pythium</i> spp.) (<i>Fusarium</i> spp.)	125 ml CELEST XL /100 kg saad.
Lae tot matige infestasië van Pythium saailingverwelk	100 - 200 ml CELEST XL saam met 4.5 - 7 ml APRON XL/100 kg saad.
Hoë-druk infestasië van Pythium saailingverwelk	100 - 200 ml CELEST XL saam met 33 - 35.5 ml APRON XL/100 kg saad.

SORGHUM

Siekte	Dosis
Saailingverwelk en wortelverrotting (<i>Pythium</i> spp.) (<i>Fusarium</i> spp.)	100 - 200 ml CELEST XL /100 kg saad.
Verrotting, saailingverwelk of skroeisiekte en donsige	100 ml CELEST XL in tenk-mengsel met 16.5 - 35.5 ml APRON XL/100 kg saad.

SORGHUM vervolg

meeldou (kultivars MET donsige meeldou weerstand)	
Hoë-siekte druk (kultivars MET donsige meeldou weerstand)	200 ml CELEST XL in tenkmengsel met 14 - 33 ml APRON XL/100 kg saad.
Verrotting, saailingverwelk of skroesiekte en donsige meeldou [onderdrukking] (Kultivars met GEEN donsige meeldou weerstand nie)	100 ml CELEST XL in tenkmengsel met 75 ml APRON XL/100 kg saad.
Hoë-siekte druk (Kultivars met GEEN donsige meeldou weerstand nie)	200 ml CELEST XL in tenkmengsel met 70 ml APRON XL/100 kg saad.
Opmerkings	
<ul style="list-style-type: none">• Dien toe verdun met water om die saad skoon te maak voordat gesaai word.• Goeie vermenging is nodig om totale bedekking van saad te verseker.• Laat saad toe om droog te word voor verpakking.• Vir verbeterde beheer, gebruik die hoër dosis by kampe waar grondkondisies verwag word om baie nat te wees nadat daar gesaai is.• MOENIE gebruik vir voeropberging of weiding binne vier (4) weke nadat behandelde saad geplant is nie.• Sorghum saad wat addisioneel behandel is met APRON XL moet geplant word en nie gestoor word of oor gehou word vir die volgende jaar nie.• Slegs hoë kwaliteit sorghum (> 90% saadontkieming) kan behandel word met APRON XL.	

SUIKERMIELIES

Siekte	Dosis
Saadverrotting en saailingverwelk (<i>Fusarium</i> spp.) (<i>Pythium</i> spp.)	100 - 200 ml CELEST XL /100 kg saad.
Saadverrotting en saailingverwelk kompleks (<i>Fusarium</i> spp.) (<i>Pythium</i> spp.)	
Opmerkings	
<ul style="list-style-type: none">• Dien toe verdun met water om die saad skoon te maak voor saai.• Goeie vermenging is nodig om totale bedekking van saad te verseker.• Laat saad toe om droog te word voor verpakking.• Vir verbeterde beheer, gebruik die hoër dosis by kampe waar grondkondisies verwag word om baie nat te wees nadat daar gesaai is.• MOENIE gebruik vir voeropberging of weiding binne vier (4) weke nadat behandelde saad geplant is nie.	

TURFGRASSE

Siekte	Dosis
Lae tot matige infestasië van Pythium damping-off	100 - 200 ml CELEST XL saam met 33 - 35.5 ml APRON XL/100 kg saad.
Hoë-druk infestasië van Pythium saailingverwelk	100 - 200 ml CELEST XL saam met 70 - 73 ml APRON XL/100 kg saad.
Opmerkings	
<ul style="list-style-type: none">• Dien CELEST XL as 'n voorplant saad-behandelings toediening toe.• Volg die toedieningsvoorskrifte soos by punt 6.2 vir korrekte saadbehandeling.	

CELEST en **APRON** is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Group Company. **MEFENOXAM™** is die handelsnaam van metalaksil-M (ISO algemene naam).

© **SYNGENTA AG, 2000**. Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemagtigde vermeerdering word verbied.